

“Troos, troos my volk”



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

die volgende gedeeltes uit Jesaja – hfst. 40:1 en 2, hfst. 40:3-8 en verse 9-11, asook verse 12-31.

Geheueteks:

“Klim op ’n hoë berg en roep hard, Sion, jy wat die goeie tyding moet bring; roep hard, Jerusalem, jy wat die goeie tyding moet bring, moenie bang wees nie. Sê vir die stede van Juda: ‘Julle God is hier!’” (*Jes. 40:9, NAB*).

Die Tweede Wêreldoorlog het in 1945 geëindig. In daardie tyd het ’n Japannese soldaat, Yokoi Shōichi, in ’n woud op Guam-eiland weggekruip. [Neem in ag dat die Geallieerdes oor die Spilmoonhede – d.w.s. oor Duitsland, Italië en Japan – geseëvier het.] Die goeie nuus oor die beëindiging van die oorlog en die gevolglike vredesluiting is toe m.b.v. Amerikaanse vliegtuie in biljetvorm oraloor gestrooi. Shōichi het een van die voubiljette opgetel, maar was heilig oortuig dat dit bloot ’n slim manier was om hom te vang. Hy was ’n ware patriot en het ewige trou aan die keiser gesweer, en daarom sou hy nooit as te nimmer homself oorgee nie. Ongelukkig het Shōichi geen kontak met die buitewêreld gehad nie. So het hy dan ’n oorlewingsbestaan gevoer en het net geëet as hy iets in die oerwoud kon vind of vang. In 1972 – 27 jaar nadat die Tweede Wêreldoorlog geëindig het – het ’n jaggeselskap op Yokoi Shōichi afgekom. Hy was besig om vis te vang. Eers toe het hy besef dat die goeie tyding in die voubiljette nie leuens was nie. Terwyl die res van sy mense dekades lank reeds die voordele van vrede gesmaak het, het Shōichi jare van ontbering en spanning deurgemaak (Roy Garne, *Altar Call* [Berrien Springs, Michigan: Diadem, 1999], bl. 304, aangepas). Etlke eeue voor die uiteindelijke vervulling daarvan het God via die profeet Jesaja belowe dat sy volk se lyding en swaarkry inderdaad iets van die verlede was: “Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier!”

*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 20 Februarie.

Troos vir die toekoms (*Jes. 40:1 en 2*)

In Jesaja 40:1 en 2 troos die Here sy volk: hul strafydperk het uiteindelik tot 'n einde gekom. Watter straf word hier beëindig?

Hierdie vraag het vele antwoorde. Eerstens is daar die Assiriërs, “die stok waarmee Ek sal straf” (*Jes. 10:5, NAB*). Uit die hande van daardie “stok” het God vir Juda bevry toe Hy Sanherib se weermag in 701 v.C. vernietig het (*hfst. 37*). Dan is daar die straf wat via Babilon sou kom. Hulle sou Juda plunder, en met buit en ballinge na Babel terugkeer. Hoekom? Omdat Hiskia tydens die besoek van Merodak-Baladan se gesante met die Godgegewe rykdom van sy koninkryk gespog het (*hfst. 39*). Derdens is daar die straf wat deur een van die ander nasies gekom het, 'n nasie waarteen Jesaja ook geprofeteer het (*hfst. 14-23*). Vanaf hoofstuk 7:17 tot 38:6 kom 'n mens die “Assiriërs” of “Assirië” 43 keer [in die Engelse vertalings] teë. Tog verskyn hulle net eenmaal in die res van Jesaja, waar die profeet in hoofstuk 52:4 praat van hoe Egipte die volk in die verlede onderdruk ook, en ook hoe hulle deur “Assur” (*OAB, d.w.s. deur Assirië*) onderdruk is. In die laaste sowat 20 hoofstukke van Jesaja skryf die profeet oor die beëindiging van die Babiloniese ballingskap (*hfst. 43:14, hfst. 47:1 en hfst. 48:14 en 20*). Boonop is dit Kores, die Persiese koning wat Babilon in 539 v.C. verower het, wat die Judeërs uit hul ballingskap sou bevry (*hfst. 44:28, hfst. 45:1 en 13*). Jesaja 1-39 beklemtoon die gebeure in aanloop tot Juda se bevryding uit die mag van Assirië in 701 v.C. Dan is daar egter 'n sprong van 150 jaar in hoofstuk 40, wat 'n mens na die einde van die Babiloniese Ryk (d.w.s. na 539 v.C. en die daaropvolgende terugkeer van die Judese ballinge) neem.

Let op die terugkeer uit Babilon as tema. Hou dit verband met iets wat vroeër in Jesaja genoem word? Indien wel, waarmee?

Jesaja 39 dien as 'n soort oorgang (of brug) na die daaropvolgende hoofstukke, m.b.v. die voorspelling dat Juda of ten minste party van Hiskia se nasate (*hfst. 39:6, 7*) deur die Babiloniërs in ballingskap weggevoer sou word. Tog word die val van Babilon reeds in die profesieë in Jesaja 13, 14 en 21 voorspel, asook die bevryding wat dit aan die volk sou bring: “Die Here sal Hom ontferm oor Jakob, Hy sal Israel weer sy volk maak en hulle weer in hulle eie land laat woon... Die dag wanneer die Here vir jou rus gee van jou lyding en jou verdrukking en van die slawewerk wat jy moes doen, sal jy hierdie spotlied oor die koning van Babel sing: Die verdrukker se einde het gekom, die lyding wat hy veroorsaak het, is op 'n end” (*Jes. 14:1-4, NAB*). Let op die sterk verband tussen hierdie gedeelte, en hoofstuk 40:1 en 2 waar God 'n einde aan die volk se beproewing belowe.

Oor Sy teenwoordigheid, die Woord, en oor paaie gelykmaak (*Jes. 40:3-8*)

Hoe troos die Here sy volk? *Jes. 40:1-8*.

'n Naamlose boodskapper kondig aan dat die Here gaan kom om sy heerlikheid aan die mensdom te openbaar (*Jes. 40:3-5*). Iemand anders sê weer dat die mensdom, net soos gras en blomme, verganklik is; maar dat “die dinge wat ons God sê... nooit [sal] verander nie” (*vers 8, NLV; lees ook die NAB en OAB*). Na die ballingskap ontvang die volk weer die geskenk wat hulle die eerste maal by Sinai ontvang het – ’n geskenk wat die volk ongelukkig voortdurend deur hul afvalligheid verwerp het. Dit is ’n afvalligheid waaroor hulle egter gestraf is. Wat is daardie geskenk? – die teenwoordigheid van God en sy Woord. Dit is die hoofkomponente van God se verbond met Israel, wat in die vorm van die tabernakel in hul midde vasgelê is (*Eks. 25:8 en 16*). Die volk het egter geslagte lank die Here se voorskrifte en bevele verwerp, en daarom het Hy sy aardse woning verlaat (*Esegiël 9-11*) – maar nou sê Hy deur Jesaja dat Hy terugkom. Dit is sy teenwoordigheid en sy ewig-betroubare Woord wat vertroosting, bevryding en hoop bring.

Watter reëlings moes die volk tref om gereed vir die koms van die Here te wees? *Jes. 40:3-5*.

Om ’n koning te laat ry oor ’n pad wat so ongelyk is dat dit hom gaan rondskud, sou eenvoudig nie deug nie! So sy koms word deur padwerke voorafgegaan. Des te meer dié van die Koning van konings! Hy kom klaarblyklik uit die ooste – ter aanduiding van die landstreek waar Hy saam met sy volk, as hul heiligdom, in ballingskap was (*Eseg. 11:16*). Sy koms het egter ingrypende veranderinge aan die terrein beteken. Die letterlike bou van ’n gelyk hoofweg deur die oneweredige heuwels oos van Jerusalem sou egter ’n onbegonne taak wees – selfs met stootskrapers en dinamiet. Slegs die Here kon dit vermag. Dit is Hý wat “die hobbelagtige plekke” in “gelyktes” omskep (*Jes. 42:16, OAB*). Tog benodig Hy nie ’n letterlike pad vir sy koms nie, aangesien Hy oor ’n ander vorm van vervoer beskik: ’n wa bestaande uit gerubs, wat in die lug kan vlieg (*Esegiël 1:9-11*). Die Nuwe Testament pas Jesaja se profesie pertinent op geestelike padwerke toe, in die vorm van Johannes die Doper se prediking (*Matt. 3:3*); en sy boodskap was: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom” (*Matt. 3:2, OAB*). Johannes se doop was dié “van bekering tot vergifnis van sondes” (*Mark. 1:4, OAB*). Die padwerke was dus bekering, asook die gewilligheid om af te sien van sonde, ten einde die vertroosting van God se vergifnis en teenwoordigheid te ontvang. Jeremia 31:31-34 praat ook van hierdie geestelike transformasie ter voorbereiding op die Hemelkoning. Die profeet bring sy boodskap boonop lank genoeg voor die voorspelde gebeurtenis, sodat die Judese ballinge die geestelike aard van die ‘padwerke vir God’ kon verstaan. In hierdie skrifgedeelte beloof die Here, aan elkeen wat gewillig is, ’n splinternuwe begin – ’n “nuwe verbond” waar Hy sy wet op hul harte skryf en ook beloof om daardie persone se God te wees.

Die ontstaan van evangelisasie (*Jes. 40:9-11*)

Watter soort gebeurtenis word in Jesaja 40:9-11 beskryf?

In die middel van Jesaja kom die leser 'n manlike boodskapper teë, een wat goeie tyding aan Jerusalem bring (*hfst. 41:27 en 52:7*). In hoofstuk 40:9 is die boodskapper wat aangesê word om op 'n hoë berg te klim en wat moet sê: “Hier is julle God!” (*OAB*), egter vroulik – 'n feit wat uit die oorspronklike Hebreeus blyk. In Psalm 68 loof Dawid die Here. Hy skryf: “God laat die eensames woon in 'n huisgesin, Hy lei die gevangenes uit in voorspoed” (*vers 6, OAB*). Hoewel hierdie woorde spesifiek op die Israeliete van ouds se uittog uit Egipte dui, span Jesaja dieselfde begrippe in ten einde 'n tweede uittog te bespreek: dié van die Judeërs wat as bevryde ballinge uit Babilon terugkeer.

'n Mens sien ook dat Jesaja 40:3-5 in die Nuwe Testament neerslag vind, waar dit m.b.t. Johannes die Doper gebruik word. Dit is hy wat die weg vir Christus baan, die een wat die pad gelykmaak vir die ewige Woord wat God se teenwoordigheid in lewende lywe by die mensdom word (*Johannes 1:14*). Reeds voor Johannes was daar egter ook ander wat die blye boodskap oor die koms van Christus gebring het. Die eerste van dié vroeë voorlopers was die bejaarde Simeon en Anna, wat klein Jesus met sy inseëning in die tempel ontmoet het (*Lukas 2:25-38*). Net soos Jesaja se boodskappers was hulle ook manlik en vroulik. Simeon het juis uitgesien na die “vertoosting van Israel” in die vorm van die Messias (*verse 25 en 26, OAB*).

Met die oog op Jesaja se profesie in hoofstuk 40, is dit ook nie blote toeval dat die profetes Anna die heel eerste was om openlik voor die mense wat op die tempelheuwel in Jerusalem was, te sê dat die Here gekom het nie. Ons lees: “Juis op daardie oomblik het sy nader gekom en God gedank, en oor die Kindjie gepraat met almal wat na die verlossing van Jerusalem uitgesien het” (*Luk. 2:38, NAB; leesteken bygevoeg*). Hier het ons die totstandkoming van Christelike evangelisasie, soos ons dit vandag ook ken: die verkondiging van die evangelie, die blye boodskap dat Jesus Christus gekom het om vir die mensdom verlossing te bring. Let op die heel eerste persoon wat die goeie tyding oor Jesus se triomfantelike opstanding gebring het, 'n taak wat Hy ook aan 'n vrou – aan Maria Magdalena – toevertrou het (*Johannes 20:17 en 18*). Die deel wat sy gedoen het, het verseker het dat Christus se evangeliesending op aarde volbring word. Alles vlees is soos gras; maar die Woord van God wat vlees geword het, Hy leef vir ewig (*les Jesaja 40:6-8*)!

Let op Jesaja 40:11. Watter soort beelde word hier gebruik? Dink nou aan die volgende: hoe die Here jou soos 'n Herder persoonlik gelei het, en skryf dan 'n paragrafie daaroor. Hoekom is dit goed om God se leiding van die verlede te bepeins?

'n Genadige Skepper (*Jes. 40:12-31*)

Hoe bou Jesaja 40 voort op die tweeledige tema van God se genade en almag?

In hierdie hoofstuk is God se genade en mag 'n deurlopende motief (let op die kassie hieronder). Dit smelt selfs saam om 'n geheel te vorm, aangesien beide onontbeerlike komponente in die verlossing is wat God vir sy volk bewerkstellig. Hy wil hulle red omdat Hy 'n genadige God is, en Hy is in staat om dit te doen omdat Hy almagtig is.

Genade (*Jes. 40:1-5*): vertroosting, die Here kom om sy volk te verlos.

Almag (*Jes. 40:3-8*): heerlikheid van God, die onverganklikheid van God teenoor die verganklikheid van die mens.

Genade (*Jes. 40:9-11*): goeie nuus oor verlossing, God is die Herder van sy volk.

Almag (*Jes. 40:12-26*): 'n Skepper-God sonder gelyke.

Genade (*Jes. 40:27-31*): as Skepper-God skenk die Here krag aan die kragtlose.

Nadat God se almag in terme van sy majesteit en onverganklikheid (*Jes. 40:3-8*) beskryf word, brei Jesaja oor sy almag en allesoortreffende wysheid uit, eienskappe wat die ganse aarde asook die mens nietig laat lyk (*Jes. 40:12-17*). Die skryfstyl wat die profeet hier gebruik – met 'n aantal retoriese vrae en klokhelder analogieë wat na die aarde en sy dele verwys – klink baie soos die tipe antwoorde wat God aan Job gegee het (*Job 38-41*).

Wat is die antwoord op Jesaja se retoriese vraag: “Met wie kan julle God dan vergelyk? Met watter beeld kan julle Hom gelykstel” (*Jes. 40:18, NAB*)?

Vir Jesaja is die antwoord – net soos vir Job – tog duidelik: niemand kan met God vergelyk word nie. God is allesoortreffend. Nietemin probeer die profeet dit beantwoord, met die doel om te fokus op die tipe antwoord wat uit baie van die nasies van ouds se optrede geblyk het – naamlik dat God met 'n letterlike afgodsbeeld uitgebeeld kan word [in plaas van met figuurlike beeldspraak] (*Jes. 40:19, 20*). Met hierdie tipe reaksie op God, tree Jesaja in gesprek. Van meet af klink dit sommer belaglik om God letterlik te probeer uitbeeld. Tog probeer hy beklemtoon hoe belaglik dit is, en daarom wei hy oor God se eiesoortigheid uit, met die onaanvegbare argument dat daar net een Skepper-God is (*Jes. 40:21-26*).

In vers 27 bespeur 'n mens 'n bepaalde siening wat by die volk posgevat het. In watter lig het hulle die Almagtige beskou? In watter opsig maak ons ons ook hieraan skuldig?

Die doel van God se boodskap is juis om vertroosting aan die treurendes te bring! Ongelukkig sit die volk hier met dieselfde probleem as Job: vanweë pyn en lyding is hulle skielik onseker, en derhalwe wanhopig, oor God se ware karakter.

Die probleem met afgodery (*Jes. 40:19, 20*)

Afgodsdien verwoes die unieke en noue band tussen God en die gelowige, deur Hom met iets anders te vervang (*Eks. 20:4 en 5, Jes. 42:8*). Dit is hoekom die profete dit geestelike “owerspel” noem (*Jer. 3:6-9, Eseg. 16:15-19*).

Lees Jesaja 41:29. Wat het die profeet te sê oor die afgode? Hoe verstaan jy sy sienings in hierdie teksvers? Hoekom is dit so 'n raakvatbeskrywing van alle afgode – ongeag watter een ter sprake is?

Die afgodsaanbidders van ouds het in magtige bomenslike wesens geglo, wat hulle d.m.v. van afgodsbeelde of -simbole aanbid het. Die aanbidding van 'n letterlike afbeelding van enige god, is egter 'n verbreking van die eerste gebod: “Jy mag naas My geen ander gode hê nie” (*Eks. 20:3, NAB*). Wat dan van letterlike beelde van die ware God, soos die goue kalf in Eksodus (*hfst. 32:4 en 5*)? Die Here verwerp dit egter as 'n “gelykenis” van Homself – m.a.w. 'n gelykstelling aan 'n stuk klip, hout of metaal – en dit van die Opperwese wat niemand nog ooit gesien het en dus nie kan uitbeeld nie (*Deut. 4:15-19*). Niemand kan sy weergalose majesteit en grootsheid in materiële vorm uitbeeld nie. 'n Afgodsbeeld is basies 'n ander god, en die aanbidding van sulke beelde oortree beide die eerste en tweede gebod. God se volk benodig dus nie afgodsbeelde nie omdat hulle sy Shekina – sy heilige teenwoordigheid – by hulle in die tempel het. Om voor 'n afgodsbeeld neer te buig, is 'n vervanging – en derhalwe 'n ontkenning – van sy ware teenwoordigheid.

Watter soort afgodsdien staar die hedendaagse kerk in die gesig? Word dit dalk net op 'n meer subtiële wyse in die kerk bedryf? Indien wel, in watter vorm?

“Baie belydende Christene dien meer as net die Here. Ons Skepper verwag egter totale toewyding van ons. Hy kom eerste. Enigiets wat geneig is om ons liefde vir die Here te laat taan of wat inbreuk maak op die diens wat ons Hom verskuldig is, word dus 'n afgod” (Ellen G. White-kommentaar, die *SDA Bible Commentary*, vol. 2, bl. 1011-1012).

Antieke tekste toon dat afgodsdien geweldige aftrek gekry het omdat dit om stoflike dinge gedraai het. Dit was 'n vorm van aanbidding waarby mense aanklank kon vind. Aanbidders het bonatuurlike kragte vereer, vas oortuig dat dit hulle vrugbaarheid en welvaart sou bring. Dit was 'n soort selfhelpgodsdien. Klink nogal bekend, nie waar nie? Kort voor die wederkoms van Christus, met sy weg gebaan deur die padwerke van 'n laaste boodskap van versoening tussen God en mens – die sogenaamde Elia-boodskap (*Maleagi 4*) – sal elke mens weer voor dieselfde besluit as dié in Jesaja te staan gebring word: gaan jy die Skepper-God of 'n ander god aanbid? (*Lees Openbaring 13 en 14*). Op die keper beskou, aanbid 'n mens altyd iets of iemand. Die vraag is net: wie?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “Behold Your God!” in *Prophets and Kings*, bl. 311-321. “Vanweë allerhande wanopvattinge oor God het die mense in Jesaja se tyd geestelik-gesproke in die duister rondgetas. Reeds duisende jare lank probeer Satan die mensdom sover kry om die oorsaak van sonde, lyding en die dood voor die Skepper-God se deur te lê. Diegene wat Satan sodoende om die bos gelei het, het gemeen dat God hard en veeleisend is. Hulle het Hom gesien as ’n God wat immer-gereed was om oor ander te oordeel, en hulle te verdoem; onwillig om die sondaar te aanvaar solank as wat daar ’n wettige verskoning was om dit nie te doen nie. God se wet van liefde – die onderbou van die hemelse gemeenskap – is deur die Aartsbedrieër in ’n verkeerde lig gestel; as iets wat die mens se geluk kniehalter, ’n geweldige las waaruit die mens hom [of haar] liefs moet bevry. Satan het gesê dat sulke gebooie nie onderhoubaar is nie en dat die [onderskeie] strawwe vir die oortreding van daardie gebooie arbitrêr is” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 311).

Punte vir bespreking:

1. Som Jesaja se boodskap in hfst. 40:12-31 op. Gebruik jou eie woorde; insluitende moderne beelde, soos hedendaagse wetenskaplike ontdekkings wat die wonderbare almag van onse God op ’n meer aanskoulike wyse uitbeeld. Deel jou opsomming met die klas.
2. Let op Jesaja se beskrywing van die onverganklikheid van die Woord van God, teenoor die broosheid en verganklikheid van die mens (Jes. 40:6-8). Hoe help dit jou om jou vrees vir die dood te besweer? Hoe sluit dit aan by die opstandingshoop wat jy koester? (Job 19:25-27, Dan. 12:2, 1 Kor. 15:51-57, 1 Tess. 4:13-18)?
3. Hoe kan ’n mens trots en arrogansie oorwin deur Jesaja 40:12-31 ter harte te neem?

Opsomming: Deur Jesaja het God vertroosting aan sy lydende volk gebring. Hul tyd van benoudheid is beëindig en die Here het na hulle teruggekeer. Juda het nie nodig gehad om hulle aan wanhoop en verwarring oor te gee nie, maar kon op die Here vertrou. Hý sou sy skeppende mag ter wille van sy volk inspan.